



Vroliek geborduur vir 'n poplap

ELVIEROSE
20 APRIL 1994

Brei dié skattige, wit oopknooptruitjie en versier dit met geborduurde blommetjies. Jy kan ook op 'n gekoopte truitjie borduur. Saamgestel deur Sandra Bodenstein

AFKORTINGS

aw - brei aweregs; beg - begin; herh - herhaal; nr - nommer; oorbl - oorblywende; r - brei regs; st(e) - steek (steke); tes - tesame; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; weersk - weerskante.

JY BENODIG

EMU-babadubbelbreidraad: 3 x 50 g-bolle, wit; 1 paar elk breinaalde van 2,75 mm en 3,25 mm; 6 knopies.

MATE

Om borsmaat van 68 cm te pas.

WARE GROOTTE

Lengte 33 cm en mounaat 23 cm.

SPANNING

28 ste en 32 rye = 10 cm oor koussteek met 3,25 mm-breinaalde.

AGTERPANT

Stel 85 ste op met 2,75 mm-breinaalde.

****1e ry rib:** r1, (aw1, r1), tot einde.

2e ry rib: aw1 (r1, aw1), tot einde.

Herh dié twee rye nog 4 keer. Slaan oor na koussteek en 3,25 mm-breinaalde. Brei tot werk 19 cm lank is. Eindig met 'n aw-ry.**

Mousgatvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg 8 rye (65 ste). Brei verder tot werk 31,5 cm lank is. Eindig met 'n aw-ry.

Halsvorming: **1e ry:** r18, r2 tes, draai. Hou oorbl ste op breinaald.

2e en 4e rye: aw 2 tes, aw tot einde.

3e ry: r16, r2 tes, draai.

Heg oorbl ste af.

Plaas volgende 25 ste op 'n stekehouter. Heg breidraad aan oorbl 20 ste en brei soos volg:

1e en 3e rye: r2 tes, r tot einde.

2e ry: aw 17, aw 2 tes.

4e ry: aw 15, aw 2 tes.

Heg oorbl 16 ste af.

REGTERVOORPANT

Stel 47 ste op met 2,75 mm-breinaalde.

Let wel: Die eerste 6 ste vorm die knoopsgat-strokke. Maak 'n knoopsgat in die 7e ry in die middel van die strokke en daarna elke 18e ry tot 5 knoopsgate voltooi is.

Brei vanaf ** tot ** soos vir agterpant.

Mousgatvorming: **1e ry:** Brei.

2e ry: Heg 2 ste af, brei tot einde.

3e ry: Brei tot laaste 2 ste, brei 2 tes.

4e ry: Brei 2 tes, brei tot einde.

Herh laaste 2 rye nog 3 keer. Brei verder tot werk 28 cm lank is. Eindig met 'n aw-ry.

Halsvorming: **1e ry:** Brei die 6 ste van die strokke en plaas dit op 'n stekehouter, heg 7 ste af en brei tot einde (22 ste).

2e ry: Brei tot laaste 2 ste, brei 2 tes.

3e ry: Brei.

Herh laaste 2 rye nog 6 keer. Herh dan 2e ry

nog 1 keer (16 ste). Heg af.

LINKERVOORPANT

Brei soos spieëlbeeld van regter voorpant, maar sonder knoopsgate.

MOUE (2)

Stel 39 ste op met 2,75 mm-breinaalde.

1e ry rib: r1, (aw1, r1), tot einde.

2e ry rib: aw1, (r1, aw1) tot einde.

Herh dié 2 rye nog 4 keer. Slaan oor na koussteek en 3,25 mm-breinaalde en vermeer soos volg:

1e ry: r1, (r 2 keer in volgende st, r3) tot 2 ste oorbly, r 2 keer in volgende st, r1.

2e en 4e ry: Brei aw.

3e ry: Brei r.

5e ry: Brei r, maar vermeer 1 st aan weersk van die ry.

6e tot 8e ry: Soos 2e tot 4e rye.

Herh laaste 4 rye nog 14 keer (79 ste). Brei verder tot werk 23 cm lank is. Eindig met 'n aw-ry.

Moukop: **1e ry:** Brei r, maar vermin 1 st aan weersk van die ry.

2e ry: Brei.

Herh dié 2 rye nog 1 keer. Vermin 1 st aan weersk van die vlg 6 rye (63 ste). Heg af.

AFWERKING

Werk die skouernate toe.

Tel steke vir halsstrook soos volg op:

Begin met regtervoorpant met die regte kant van werk na voor. Tel op: 6 ste van die strokke, 22 ste van voorpant, 5 ste, 25 ste (op stekehouter) en 5 ste van agterpant, 22 ste van ander voorpant en 6 ste van strokke. Brei 3 rye rib soos vir pante. Maak 1 knoopsgat aan die begin van die volgende ry soos vir regtervoorpant. Brei 9 rye rib. Maak 1 knoopsgat aan die begin van die vlg ry. Brei 3 rye rib. Heg af. Vou halsstrook

om sodat die knoopsgate oormekaar pas en werk die afgehegte kant van halsstrook aan die verkeerde kant van werk vas.

Pas die moukoppe in die mousgate en werk vas. Werk mou- en synate toe. Werk knopies toe.

BORDUURWERK

Moenie dat die borduurwerk jou afskrik nie. Selfs 'n beginner kan dit baasraak. Ryg die ontwerp of teken met 'n wonderpen (materiaalpen waarvan die ink na 'n dag of so onsigbaar raak) en werk die patroon volgens die diagram met breidraad.

Gebruik breidraad van dieselfde dikte as dié waarvan die truitjie gebrei is, in die volgende kleure: turkoois, pienk, geel en groen. Jy kan ook ander kleure volgens jou keuse gebruik - 'n geleentheid om resbietjies breidraad nuttig te gebruik.





DIAGRAM VIR ROOSSTEK OP TRUITJIE



A. Bring die gare van agter af deur by 1. Steek die naald by 2 in en bring by 3 uit — dit bepaal die lengte van die steek.

B. Draai die gare lossies om die naald. Die deel van die naald wat met gare bedek is, moet so lank wees soos die deel wat onder die kleedingstof is. Draai die gare nou nog 1 of 2 maal om die naald.

C. Druk die deel van die naald waarmee die gare gedraai is liggies tussen jou duim en wysvinger vas en trek die naald deur. Draai die naald in die rigting van 2.

D. Trek die draad deur en steek die naald in by 4, naby 3, maar nie op dieselfde plek nie.

E. Werk roossteke in die vorm van 'n roos.